



JULIE 2019

Geagte Pensioenaris

Die hoofrede vir die bestaan van die LA Aftreefonds is om die beste moontlike finansiële posisie met en ná aftrede vir al ons lede, afgetredenes en pensioenarisse te verseker. Deelname aan 2019 se verkiesing van pensioenaristrustees bied aan u die geleentheid om seker te maak u belange word voldoende verteenwoordig. Gebruik dus u stem!

“As almal saam vorentoe beweeg, is sukses die logiese eindbestemming.”
Henry Ford

Een vakature vir ’n pensioenaristrustee moet teen 1 Januarie 2020 gevul word omdat mnr. Piet Esterhuizen se termyn as pensioenaristrustee op 31 Desember 2019 verstryk. Mnr. Esterhuizen het bevestig dat hy vir herverkiesing beskikbaar sal wees.

Die Raad van Trustees hou toesig oor, gee rigting aan en beheer die sake van die Fonds ooreenkomstig die toepaslike wette en bepalings van die Fondstreëls. Die huidige raad is soos volg saamgestel:

Twee lidtrustees	Twee pensioenaristrustees	Twee raadslidtrustees	Twee adisionele trustees
Me. Michelle van Zyl Mnr. Danie Carstens	Mnr. Piet Esterhuizen Mnr. Jan van den Berg	Mnr. Wouter Meiring Mnr. Solomon Philander	Mnr. Herman Botha Mnr. Johan Jacobs
Word deur aktiewe lede verkies (insluitende ongeskiktheidseis-ontvangers, ontvangers van die lewende annuïteit binne die Fonds, uitgestelde en/of opbetaalde lede en lede wat hul uittrede uit die Fonds uitgestel het)	Word deur pensioenarisse verkies	Een word deur die Plaaslike Owerheid met die hoogste aantal Fondsleder aangewys en die ander Raadslidtrustee word deur alle deelnemende Plaaslike Owerhede verkies	Toepaslik gekwalifiseerde individue wat deur die Raad van Trustees as adisionele trustees aangestel word

DIE VERKIESINGSPROSES

Die verkiesingsproses bestaan uit twee fases:

Fase 1: Benoeming

U kan ’n kandidaat benoem wat u voel u die beste sal verteenwoordig!



Fase 2: Stemming

U sal ’n lys van al die behoorlik benoemde kandidate ontvang. Stem vir diegene wat u voel u die beste sal verteenwoordig!

Hierdie proses sal oor die volgende paar maande plaasvind en die sperdatums is soos volg:

30 Aug 2019

Sluitingsdatum vir benoemings

14 Okt 2019

Stuur stembriewe uit

22 Nov 2019

Sluitingsdatum vir terugstuur van stembriewe

29 Nov 2019

Uitslag moet deur ouditeure bevestig en die Raad daarvoor ingelig word

6 Des 2019

Lig alle benoemde kandidate oor die uitslag in

1 Jan 2020

Dienstermyn begin

WAT MOET U DOEN?

Stap 1: Begryp die rol en funksie van 'n trustee

Pligte van 'n trustee: Die pligte is op die Fonds se webtuiste (www.laretirementfund.co.za) beskikbaar, of kan van die Fonds se Ondersteuningsdienssentrum verkry word. Die pligte kan soos volg opgesom word:

- Doen alle redelike stappe om te verseker dat die belange van lede, ingevolge die Fondsreëls en die bepalings van die Wet, te alle tye beskerm word;
- Tree met die nodige sorg, ywer en goeder trou op;
- Vermy botsende belange;
- Tree onafhanklik op;
- Tree onpartydig op wat betref alle lede en ander begunstigdes;
- Maak seker dat behoorlike rekeninge, inskrywings, registers en rekords van die bedrywighede van die Fonds gehou word;
- Maak seker dat voldoende en toepaslike inligting aan lede en ander begunstigdes oorgedra word rakende hul regte, voordele en pligte ingevolge die Fondsreëls, onderhewig aan enige openbaarmakingsvereistes wat voorgeskryf mag word;
- Maak seker dat bydraes stiptelik ooreenkomstig die Fondsreëls en die Wet aan die Fonds betaal word;
- Verkry deskundiges se advies oor sake waar die Raad van Trustees nie oor die nodige kundigheid beskik nie;
- Maak seker dat die Fondsreëls en die bedryf en administrasie van die Fonds voldoen aan alle toepaslike wetgewing en enige regsbindende beslissing gemaak deur die Registrateur of die belastingowerheid;
- Hou registers van die inligting wat deur die regulasies in die Wet voorgeskryf word, by die Fonds se geregistreerde kantoor;
- Bepaal die wyse waarop uitgawes van die Fonds waarvoor nie in die Fondsreëls voorsiening gemaak is nie, gehanteer sal word;
- Maak seker dat die bates van die Fonds in die Fonds se naam, of dié van 'n benoemde maatskappy goedgekeur deur die Registrateur, gehou/geregistreer is;
- Reël vir die veilige bewaring van alle titelaktes en ander sekuriteite wat deur die Fonds besit of gehou word, en vir die merk van daardie dokumente sodat te eniger tyd maklik vasgestel en bevestig kan word dat daardie dokumente aan die Fonds behoort of deur die Fonds gehou word; en
- Kom enige ander voorgeskrewe vereistes na.

Die Raad van Trustees kom tans elke tweede maand vir 'n Raadsvergadering van twee dae byeen. Van die trustees wat in die Oudit-subkomitee aangestel is, word vereis om jaarliks drie subkomiteevergaderings by te woon.

Stap 2: Oorweeg 'n kandidaat wat u meen die rol die beste sal vervul

Ken u enigiemand wat bekwaam en geskik is om die pensioenarisse, insluitende uself, te verteenwoordig en ook bereid is om in die Raad van Trustees te dien?

Wanneer u iemand benoem, onthou dat u kandidaat bereid moet wees om 'n dienstermyn van vyf jaar te

voltooi. Die volgende uitsluitings is van toepassing:

Ingevolge Reël 14.3 van die Fondsreëls mag geen persoon wat ingevolge die Maatskappywet, 2008, nie geskik is, of gediskwalifiseer is om 'n direkteur van 'n maatskappy te wees, as trustee aangestel of verkies word, of optree as 'n trustee nie. Dit sluit onder andere die volgende persone in:

- a) 'n Regspersoon;
- b) 'n Minderjarige of 'n persoon wat regsongeskik verklaar is;
- c) 'n Ongerehabiliteerde uit bankrotskap;
- d) Enige persoon wat weens wangedrag uit 'n vertrouensamp verwyder is; en
- e) Enige persoon wat deur 'n geregshof, in Suid-Afrika of elders, skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing, meened of 'n oortreding wat bedrog, wanvoorstelling of oneerlikheid behels, of 'n oortreding wat verband hou met die bevordering, stigting of bestuur van 'n maatskappy, onderhewig aan relevante wetgewing met betrekking tot die weglating of uitsluiting van sekere oortredings wat voor 1994 plaasgevind het.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS: 'n Induksieprogram, voortgesette trustee-opleiding en toegang tot materiaal en hulpmiddels vir selfstudie sal tot die beskikking van nuutverkose trustees wees. Die nuutverkose trustee sal aan die voorgeskrewe opleidingsvereistes van toepassing op trustees moet voldoen.

Stap 3: Benoem u kandidaat

- 'n Benoemingsvorm word by hierdie kennisgewing aangeheg sodat pensioenarisse een kandidaat vir die pensioenaristruitee-vakature kan benoem. Kinderpensioenarisse kan nie aan hierdie benoemingsproses deelneem nie.
- Faks asseblief u benoemingsvorm vir die Fonds na (021) 917 4114, skandeer en e-pos die voltooide vorm na support@laretirementfund.co.za of bring dit persoonlik na die Fonds se Dienssentrum.
- Alle benoemings moet voor 16:00 op die sluitingsdatum, Vrydag 30 Augustus 2019, deur die Fonds ontvang word.
- Elke benoemde kandidaat moet die benoeming skriftelik aanvaar en die benoeming moet deur twee ander pensioenarisse (d.w.s. sekondante) met 'n handtekening ondersteun word.
- Benoemde kandidate hoef nie pensioenarisse van die Fonds te wees nie. Pensioenarisse kan enige individu/e benoem wat in staat is om die pensioenarisse te verteenwoordig.
- Die benoemde kandidate kan telefonies deur die Hoofbeampte ondervra word. Die sekondante sal deur die Fonds nagegaan word om hul Fondslidmaatskap te bevestig.
- Indien slegs een benoeming ontvang word, sal geen verkiesing nodig wees nie aangesien die benoemde kandidaat outomaties sal kwalifiseer om 'n trustee te word.



BENOEMINGSVORM VIR 2019 SE PENSIENARISTRUSTEEVERKIESING

BESONDERHEDE VAN DIE PENSIENARIS WAT DIE KANDIDAAT BENOEM

DATUM:
PENSIENARIS SE NAAM:
ADRES:
PENSIENNOMMER:

PENSIENARIS SE HANDTEKENING:

EK WIL DIE VOLGENDE KANDIDAAT AS 'N PENSIENARISTRUSTEE BENOEM

VOLLE NAAM VAN DIE KANDIDAAT:

--

KANDIDAAT SE PENSIENNOMMER (indien van toepassing):

--

KANDIDAAT SE IDENTITEITSNOMMER:

--

KANDIDAAT SE KONTAKNOMMER:

--

Ek, die bogenoemde benoemde kandidaat, aanvaar hiermee die benoeming vir die verkiesing van 'n pensioenaristrustee van die LA Aftreefonds. Ek bevestig dat geen gronde na my beste wete bestaan om my te diskwalifiseer vir die pos van trustee nie. Indien ek gekies word, stem ek in om te voldoen aan die voorgeskrewe opleidingsvereistes wat op trustees van toepassing is.

Handtekening

--

ONS ONDERSTEUN DIE BOGENOEMDE BENOEMING

(Let asseblief daarop dat hierdie benoeming nie aanvaar sal word tensy hierdie afdeling volledig deur twee ander pensioenarisse voltooi is nie.)

Volle naam	Handtekening	Pensioennommer	Kontaknummer
1.			
2.			

REÛLS VAN DIE VERKIESING

- Elke pensioenaris mag een (1) kandidaat benoem. Kinderpensioenarisse mag nie aan die benoeming- of verkiesingsproses deelneem nie. Kandidate hoef nie pensioenarisse van die Fonds te wees nie. Indien u meer as een nominasie indien, sal slegs die mees onlangse nominasie ingesluit word.
- Die benoemde kandidaat moet die benoeming skriftelik aanvaar en dit moet ondersteun word deur handtekeninge van twee ander pensioenarisse van die Fonds.
- U benoeming moet die Fonds bereik **teen nie later as 16:00 op Vrydag 30 Augustus 2019** nie. Faks asseblief u benoemingsvorm na die Fonds by 021 917 4114, of skandeer en e-pos die voltooide vorm na support@laretirementfund.co.za.
- Die benoemdes sal gekontak word en versoek word om 'n kort CV (hoogstens 100 woorde) en 'n onlangse ID-foto van hulself te verskaf, wat tydens die verkiesing gepubliseer sal word.
- Indien twee of meer geldige benoemings ontvang word, sal die stembriewe, insluitende die verkiesbare benoemde kandidate se besonderhede, aan pensioenarisse gestuur word om die stemproses te vergemaklik. Een stem per stemgeregtigde pensioenaris word toegelaat. Die stemproses sluit op **Vrydag 22 November 2019 om 16:00**.
- Die hele verkiesingsproses word deur die hoofbeampte, in haar hoedanigheid as die verkiesingsbeampte, gemonitor, en die Fonds se ouditeure sal die stembriewe verifieer en tel.
- Die benoemde kandidaat met die meeste stemme sal 'n pensioenaristrustee word. Die ampstermyn van die aangestelde sal vyf (5) jaar wees, wat op 1 Januarie 2020 begin.

Trustees: Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Mev. M van Zyl (Ondervoorsitter), Mnr. HF Botha, Mnr. PW Esterhuizen, Mnr J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg

Hoofbeampte: Mev. IT Hartlief
HERS: 201901

Signatory of: